

LONGSIEKTE IN BEESTE. HOEKOM ONS DIT MOET MONITOR.

Dr. Brent Sirrals

Longsiekte in beeste is die siekte van grootste ekonomiese belang vir rooivleisprodusente wêreldwyd.¹ Dit word veroorsaak deur verskeie gasheer-, patogeniese- en omgewingsfaktore.

Onlangse speen, vervoer en meng van beeste vanaf verskillende geografiese oorsprong bly van die mees algemene omgewingsfaktore wat tot longsiekte lei. Sit hierby stof in die lug, wisselende dag- en nagtemperature, 'n onderontwikkelde immuunstelsel in kalwers, en dit gee vir ons 'n resep vir siek diere! Die ekonomiese belang van die toestand spruit uit die feit dat produsente jaarliks baie geld moet spandeer op voorkomingsmaatreëls, soos inentings om morbiditeite (siektes) te verminder, asook behandeling van siek diere om verliese aan vrektes te vermy. Om effektiewe behandeling en bestuur te verseker, is dit dus belangrik om te weet watter bakterieë teenwoordig is in die laer lugweg van siek beeste in Suid Afrika.

Nadoodse weefselmonsters kan versamel word direk vanuit die longweefsel, maar daar is gewoonlik kontaminasie of reeds net 'n groot verskeidenheid bakterieë teenwoordig, afhangende van hoe lank die dier reeds dood is. Daar is verskeie maniere om bakteriële monsters te verkry vanaf lewendige siek beeste. Een van die mees akkuraatste metodes is om 'n sogenaamde "longspoeling" te doen. Die korrekte term is 'n "trans-trageale-aspiraasie" (TTA). 'n Naald word binne die tragea (lugpyp) geplaas, waarna 'n dun kateter (pyppie) deur die naald gevoer word tot onder by die hoof bronchus (longpyp). Steriele water word dan gebruik om 'n vogmonster te kolekteer van die afscheidings in die longe. Dit is 'n indringende prosedure en moet deur 'n veearts uitgevoer word. Hierdie vloeistof word dan verpak en na 'n bakteriologie laboratorium gestuur. Hier word dit op 'n kultuurmedium geplaas, sodat die bakterieë kan groei. Die bakterieë word dan getoets teen verskeie groepe antibiotika en sekere aktiewe bestanddele, om te bepaal of dit nog effektief is om die bakterieë te dood.

Hierdie inligting is baie belangrik vir jou veearts vir 'n aantal redes. Eerstens kan die veearts bepaal of daar weerstandige bakteriële stamme teenwoordig is in hierdie spesifieke dier, en dus ook watter antibiotika om aan te beveel in die spesifieke geval. Soos meer monsters versamel word uit verskillende diere oor 'n langer tydperk, kan afleidings gemaak word oor die belangrikste bakterieë teenwoordig in 'n spesifieke kudde, asook die weerstands- en risikoprofiel op die plaas. Jou veearts kan ook veranderinge aanbeveel as die profiel verander, en jou inentingsprogram dienoreenkomstig aanpas soos nodig.

Om die rooivleisprodusent van Suid Afrika te ondersteun doen MSD Animal Health jaarliks verskeie aspirate op 'n nasionale vlak. In 2017 is 162 monsters versamel met 'n mikpunt van 200 vir 2018. Verskeie privaat veeartse stuur ook monsters in en al die resultate word aan die einde van die jaar in 'n verslag deur 'n veteriniere bakterioloog saamgestel.

As u kalwers afrond en nodig het om hierdie resultate te bespreek kan jy gerus kontak maak met jou naaste MSD Animal Health verkoopsagent. Tesame met jou veearts staan ons jou by om die regte keuse te maak ten opsigte van voorkoming en behandeling van longsiekte in beeste.

Verwysings:

1. Merck Veterinary Manual, Respiratory Diseases of Cattle. Accessed 03 October 2018. <https://www.merckvetmanual.com/respiratory-system/respiratory-diseases-of-cattle>

